### Die tempelskatte in die grot

**239** **(vervolg)** [13] "Waarmee dan?", sê **Faustus**, **"**die ryke grot is nou in ons hande; waar wil julle dan nog goud en skatte vandaan haal? Het julle dan nog meer grotte wat uitpeul van goud, silwer en pêrels?"

[14] Toe sê **die elf**: "Meester, ons het nog één daar aan die agterkant van Gorasin, waarin ou skatte bewaar word, wat ten tyde van die Babiloniese ballingskap uit die tempel en uit ander godshuise daarheen gebring was. Tot in ons tyd wis niemand iets daarvan nie; maar ons jag ongeveer sewe jaar gelede korhane en ons soek bye en heuning in die bos. Toe vind ons, nadat ons ongeveer dertig veldlengtes ver was, al haas heeltemal op die Griekse grondgebied, waar `n middelgroot rotsgebergte homself verhef, `n plek waar die heuning en die was letterlik oor `n vier manshoë en loodregte steil wand na benede loop. Bo-aan die wand was `n opening te sien, so groot dat `n seun van ongeveer twaalf jaar daarin regop sou kon staan.

[15] Bo die opening verhef homself nog `n steil wand wat sekerlik sewentig manslengtes hoog is, sodat dit sonder `n leer onmoontlik sou gewees het om die opening te bereik, wat sekerlik baie heuning en was bevat, want ons sien voortdurend `n groot massa bye in- en uitvlieg. Gou word `n leer en `n behoorlike hoeveelheid strooi en allerlei gras byeengebring vir die uitrook van die bye en die operasie word, op `n paar bysteke na, suksesvol uitgevoer. Ons vind daar `n paar honderd pond suiwer heuning en eweveel was; want daar was al baie korwe van ongeveer duisend selle aan beide kante leeg.

[16] Maar toe ons die grondwas versamel, kom ons al gou op metaal tempelgereedskap af en toe ons die metaal beter ondersoek, blyk maar al te gou dat dit suiwer goud en silwer was. Ons dring dieper en dieper in die homself steeds verder uitstrekkende grot in, en vind in die dieptes steeds meer opgebergde skatte van onskatbare waarde. Ons laat al die gevonde skatte ongeskonde in die grot; ons versper maar net die buitenste opening met rotse en mos, en laat dit deur beëdigde wagte vanaf daardie uur van ontdekking tot op die huidige oomblik bewaak. En kyk, al hierdie skatte lewer ons aan u uit as u ons genadig is en ons in die naam van die keiser die verskriklike deur u uitgesproke straf kwytskeld!"

[17] **Faustus** sê: "Ek wil daaroor beraadslaag! Maar vertel my nou nog presies hoe dit is met die grot in die gebergte van Kisjonah! Het u dit ook tydens `n jag op heuning heeltemal gevul ontdek, of het u dit self gevul; en as die laaste die geval is - waar het dan die skatte vandaan gekom en vanaf wanneer is die grot al gevul?"

[18] Toe sê **die elf**: **"**Ons het wat daar lê gedurende vyftien jaar deur toegestane handel verwerf; maar, volgens een van ons nuwere tempelvoorskrifte, mag ons slegs `n bepaalde som vir ons noodsaaklike lewensonderhoud hou, en moet ons alles wat ons meer het, aan die tempel afgee. As daar by een van ons, wat in die land verspreid woon, by die jaarlikse baie streng kontrole deur die tempel `n beduidende oorskot gevind word, bestraf hulle die betrokke persoon sonder genade as bedrieër van Elohim. Vir ons om derhalwe aan hierdie straf te ontkom en dan tog vir spesiale gevalle iets te besit, het ons die verborge grot in die gebergte van Kisjonah uitgekies en daarin het ons ons aansienlike oorskotte opgeberg. Dit is die hele geheim van die genoemde grot."

[19] **Faustus** vra: "Loop die deur u aangelegde pad heeltemal tot teenaan die grot?"

[20] "Nee, meester," sê **die elf**, "slegs tot by die baie digte struikgewas waardeur mens oor `n slegs aan ons bekende pad by die vir niemand anders sigbare grot kan kom."

[21] **Faustus** sê: "Goed, dan is u môre ons gids! Maar vir vandag, respektiewelik vir die nag, is die saak gesluit, want vir die oomblik weet ons almal genoeg!"

[22] Die elf werp hulleself voor Faustus op hulle knieë en smeek om genade. Maar **Faustus** sê: "Dit hang nou nie meer van my nie, maar van `n baie ander Iemand af; as Hy dit vir julle vergewe, dan is dit deur my ook vergewe. Amein!" - Daarmee verlaat ons die regsaal en gee ons liggame die nodige rus.

[23] In die portaal van die woonhuis wag Lydia op My en Faustus, wat nou haar eggenoot is. Sy begroet ons en betreur dit dat dit ons so `n paar uur harde stryd gekos het.

[24] **Faustus** groet sy jong vrou eweneens, en sê aan haar: "Ja, liewe Lydia, dit was regtig `n harde stryd, maar met die suiwer goddelike hulp van die eweneens goeie goddelike vriend, JaHshua, aan wie alleen al die eer en al die lof toekom, is die saak so goed as ons maar kon wens, opgelos. Maar laat ons dit nou met rus; môre sal daar nog veel gedoen moet word."

[25] Behalwe die nodige wagposte, gaan iedereen nou slaap.

### *Die korrekte viering van die sabbat. Die geroofde kinders en besittings word teruggegee*

**240** Die volgende dag, `n Sabbat, vra Faustus, hoewel hy `n Romein is, aan My of die Judese Sabbat hier gevier moes word of nie en wat daar met die elf fariseërs moes gebeur.

[2] **Ek** sê: "Liewe vriend en broer! **Elke dag wat met goeie dade gevul word, is `n ware Sabbat** en op elke dag waarop mens iets gedoen het wat beslis goed is, het mens juis daardeur `n egte Sabbat gevier. Daarom moet jy op die Sabbat soveel goed doen as wat jy maar kan en wil, en dit sal jou sekerlik nie as sonde toegereken word nie, behalwe deur die slegte wêreldse dwase, wat selfs die wind vervloek as hy op `n Sabbat waai en dit ook doen met die reën en die swerms deur die lug vlieënde voëls. Sulke dwase mag vir ons nooit dien as navolgenswaardige voorbeeld nie, maar slegs as `n bo alles afskuwekkende voorbeeld; want hulle vervloek die goeie, en wil dat hulle slegte dade deur die hele wêreld hoog geroem word! Nou weet jy wat jy op elke Sabbat moet doen!

[3] Wat die elf betref, laat ook hulle vry nadat jy al hulle skatte bemagtig het. Stuur die keiser wat hom toekom, en gee hom na eie goeddunke `n rede op vir die vertraging; maar gee die tempel ook sy deel uit die grot by Gorasin, vertel die Hoëpriester daarbenewens hoe die skatte deur die elf fariseërs al `n aantal jare gelede ontdek is, maar van die tempel weerhou is wat hom eintlik toekom, en dan sal die tempel die saak met die elf wel paslik behandel.

[4] Wat betref die skatte in die gebergte van Kisjonah, laat `n derde aan hom toekom en aan jou `n derde in naam van die keiser en verdeel `n derde onder al die armes wat vir hulle kinders en hulle geroofde goedere hierheen gekom het, en dan is die hele regsaak daarna vir alle tye der tye beëindig. Gebruik die dag van vandag!

[5] Baram en Kisjonah het goeie skepe en met `n gunstige wind sal julle binne `n paar uur klaar wees met die ontruiming by Gorasin; `n deel van die manne moet hulleself egter besighou met die ontruiming van die Kisjonah-grot, en as julle `n bietjie deurwerk, kan julle die skatte uit beide grotte voor die aand hier hê en dit môre na hul plek van bestemming stuur!

[6] Ek sou die skatte wel alles in `n oogwink deur ArgiEl hierheen kon laat bring, maar daar is hier nou te veel volk en so `n wonder sou te veel opsien baar; daarom doen Ek dit nie. Maar Ek sal julle tog in die geheim so help dat julle die werk - waarvoor jy normaalweg sekerlik drie dae sou nodig hê - in één dag, dus vandag, heeltemal klaar kry. Talm nou egter nie, maar gaan na links en regs!

[7] Neem egter oral slegs één fariseër mee; die ander moet intussen hier opgesluit bly!

[8] Pilah moet hier bly; want hy is alreeds te goed vir daardie soort sake, waarmee kinders van Elohim hulleself so weinig moontlik moet besig hou. Ook hoef jy nie persoonlik na die twee aangeduide plekke te gaan nie, maar `n kommissaris is voldoende, as jy hom *die* nodige volmag gee. Ons sal ons intussen besighou met die verdeling van die pande en die teruggee van die kinders aan die betrokke ouers."

[9] Wie anders as Faustus is die mees tevrede oor hierdie reëling! Want hy het daarmee `n drieledige voordeel: ten eerste bly hy by My, ten tweede by sy jong eggenote wat hy nou buitengewoon liefhet, en ten derde het hy sodoende tyd om aan die keiser `n verklarende brief, `n geleibrief en `n bestemmingsbrief op goeie perkament op te stel, en al die gelde en skatte reeds die volgende dag na hul plek van bestemming af te stuur.

[10] Nadat beide kommissarisse vertrek het om die genoemde skatte te gaan haal, begin ons dadelik met die verdeling van die pande en die kinders, wat laasnag al merendeels hulle ouers gevind het; maar onder hulle was daar tog enkeles waarvan die ouers siek tuis lê van hartseer en verdriet, en daarom nie na Kis kon kom om daar hulle kinders en ander goed af te haal nie.

[11] Hierdie ouers gee toe hulle bure opdrag om hulle kinders en hulle besittings, as dit na die bekendmaking nog êrens aanwesig sou wees, in ontvangs te neem; en so word by die verdeling ook daarmee rekening gehou, en iedereen kry presies wat hom toekom. En iedereen kry van Kisjonah af, uit die derde deel van die skat uit die grot wat op sy terrein lê, bo en behalwe die nagekome afrekening soos Ek dit bepaal het, `n som van honderd pond ekstra. Na hierdie werk en die skenking mag al die deelhebbendes, waarvan daar natuurlik `n paar honderd was, weer uit Kis huistoe gaan, nadat hulle eers nog deur Faustus `n goeie raad en vermaning gegee word.

[12] Kisjonah laat al die vragskepe gereedmaak en die hele groot karavaan uit Gorasin, Kapernaum en Násaret word op hierdie manier weer huistoe gebring, en die verdeling en die huistoe bring duur skaars iets meer as sewe en `n half uur.